# Psalm 126: 'n Perspektief vanuit die hede na die verlede en die toekoms

S D Snyman
(UOVS)

## ABSTRACT

**Psalm 126: Looking from the present to the past and future**

*W S Prinsloo's synchronic textimmanent exegesis of Psalm 126 results in a two part division of the psalm (verses 1-4 and 5-6). In this contribution his results are questioned and a three-part division (a possibility Prinsloo did not consider) is proposed, consisting of verses 1-3, 4 and 5-6. The result of the present investigation confirms (also from a synchronic textimmanent approach applied to the text) the perspective of past (verses 1-3), present (verse 4) and future (verses 5-6) in the psalm.*

## 1 PROBLEEMSTELLING

In 1987 publiseer W S Prinsloo 'n artikel oor Psalm 126 met die titel "Psalm 126: Wie met trane saai, sal met blydskap maai"[1]. Die artikel word later opgeneem in 'n monografie waarin hy 'n aantal Psalms grondig eksegetiseer[2]. In sy behandeling van die psalm begin hy op kenmerkende wyse om die probleem areas in die psalm aan te stip. Hy noem die oënskynlike kontradiksie tussen verse 1-3 aan die een kant en vers 4 aan die ander kant as "die eerste en oorheersende probleem". 'n Volgende probleem in die interpretasie van die Psalm is die verstaan en betekenis van die uitdrukking חֹלְמִים[3].

In sy behandeling van die psalm kry die twee sake dan ook aandag, maar dit blyk verder in die artikel dat die eintlike probleem handel oor die strukturele opbou van die psalm: "Die groot vraag is egter: Waarmee moet 4 verbind word? Met die voorafgaande 1-3 of met die daaropvolgende 5-6?", só vra hy[4]. Prinsloo oorweeg dus twee moontlikhede: verse 1-3 en 4-6 as die een moontlikheid of verse 1-4 en 5-6 as die ander moontlikheid. Die keuse wat hy uiteindelik maak, is vir die verdeling van verse 1-4 en 5-6 onderskeidelik[5].

Hierdie bydrae wil die waarskynlikheid van 'n derde moontlikheid vir die strukturele opbou van die psalm ondersoek - 'n moontlikheid wat Prinsloo, vreemd genoeg, nie oorweeg nie[6]. Hierdie bydrae wil dus enersyds in gesprek tree met die eksegese wat Prinsloo van Psalm 126 aanbied en tegelykertyd argumenteer vir 'n driedeling van die psalm, te

wete verse 1-3, 4 en 5-6[7]. Om Psalm 126 te verdeel in die driedeling van verse 1-3, 4 en 5-6 is natuurlik nie nuut nie. Kraus[8] se gevolgtrekking is dat die psalm so verdeel moet word. Hy onderskei 'n "geschichtlicher Rückblick auf eine wunderbare Schicksalswende" in verse 1-3; 'n "Bitte um Vollendung des Heilsgeschehens" in vers 4 en 'n "trostreicher Zuspruch an die Klagenden und Bittenden" in verse 5-6[9]. Westermann[10] kom ook tot dieselfde resultaat. Volgens hom gaan dit om 'n terugblik op 'n vroeëre reddingsdaad van God in verse 1-3 gevolg deur die wending in vers 4 en 'n uitdrukking van sekerheid van redding dat God die huidige nood weer sal verander in verse 5-6. Dit is ook Anderson[11] se gevolgtrekking: "Verses 1-3 is a retrospective description of Yahweh's saving help... Verse 4 is a prayer for the restoration of the fortunes of the community, while verses 5-6 contain words of promise which may have been uttered by a cultic prophet or a priest". Dié gevolgtrekking word hoofsaaklik vanuit histories-kritiese, spesifiek vormkritiese en inhoudelike oorwegings gemaak. Wat wel nuut is in dié bydra is dat die driedeling van die psalm vanuit 'n sinkronies-teksimmanente lesing van die teks beredeneer word.

## 2 DIE TEKS EN VERTALING VAN PSALM 126

1 שִׁיר הַמַּעֲלוֹת
בְּשׁוּב יְהוָה אֶת־שִׁיבַת צִיּוֹן הָיִינוּ כְּחֹלְמִים׃
2 אָז יִמָּלֵא שְׂחוֹק פִּינוּ וּלְשׁוֹנֵנוּ רִנָּה
אָז יֹאמְרוּ בַגּוֹיִם הִגְדִּיל יְהוָה לַעֲשׂוֹת עִם־אֵלֶּה׃
3 הִגְדִּיל יְהוָה לַעֲשׂוֹת עִמָּנוּ הָיִינוּ שְׂמֵחִים׃
4 שׁוּבָה יְהוָה אֶת־שְׁבוּתֵנוּ שְׁבִיתֵנוּ כַּאֲפִיקִים בַּנֶּגֶב׃
5 הַזֹּרְעִים בְּדִמְעָה בְּרִנָּה יִקְצֹרוּ׃
6 הָלוֹךְ יֵלֵךְ וּבָכֹה נֹשֵׂא מֶשֶׁךְ־הַזָּרַע
בֹּא־יָבוֹא בְרִנָּה נֹשֵׂא אֲלֻמֹּתָיו׃

Dit het altyd waarde om verskillende vertalings na te gaan. Dit verminder die moontlikheid dat een vertaling die eksegeet kan "intimideer" om 'n bepaalde vertaling te volg en andersyds noop die verskille tussen die verskillende vertalings die eksegeet om die oorspronklike teks te raadpleeg. Daarom word 'n aantal Engelse vertalings, die 1933/53 vertaling van die Afrikaanse Bybel sowel as die 1983 vertaling van die Afrikaanse Bybel hier weergegee.

*King James Version*

1 A Song of degrees. When the LORD turned again the captivity of Zion, we were like them that dream. 2 Then was our mouth filled with laughter, and our tongue with singing: then said they among the heathen, The LORD hath done great things for them. 3 The LORD hath done great things for us; *whereof* we are glad.

4 Turn again our captivity, O LORD, as the streams in the south. 5 They that sow in tears shall reap in joy. 6 He that goeth forth and weepeth, bearing precious seed, shall doubtless come again with rejoicing, bringing his sheaves *with him* (KJV).

*New International Version*

1 A song of ascents. When the LORD brought back the captives to Zion, we were like men who dreamed. 2 Our mouths were filled with laughter, our tongues with songs of joy. Then it was said among the nations, "The LORD has done great things for them". 3 The LORD has done great things for us, and we are filled with joy. 4 Restore our fortunes, O LORD, like streams in the Negev. 5 Those who sow in tears will reap with songs of joy. 6 He who goes out weeping, carrying seed to sow, will return with songs of joy, carrying sheaves with him (NIV).

*1933/53 vertaling*

**'n Oes van vreugde uit die tranesaad**.

1 'N BEDEVAARTSLIED
Toe die Here die lot van Sion verander het, was ons soos die wat droom.
2 Toe is ons mond gevul met gelag en ons tong met gejubel; toe het hulle onder die heidene gesê: Die HERE het groot dinge aan hierdie mense gedoen.
3 Die HERE het groot dinge aan ons gedoen: ons was bly!
4 O HERE, verander ons lot soos waterstrome in die Suidland.
5 Die wat met trane saai, sal met gejubel maai.
6 Hy loop aldeur en ween en dra die saadkoring; hy sal sekerlik kom met gejubel en sy gerwe dra.

*1983 vertaling*

**Verander tog ons lot, Here!**

1 'N PELGRIMSLIED

Toe die Here die lot van Sion verander het,
was dit vir ons soos 'n droom.
2 Ons het gelag en gesing.
Onder die nasies het hulle gesê:
"Die Here het groot dinge
aan hierdie mense gedoen".
3 Die Here hét groot dinge
aan ons gedoen;
ons was bly.

4 Verander tog ook nou ons lot, Here,
soos U droë spruite in die Suidland
in waterstrome verander.
5 Wie met trane saai,
sal die oes met gejuig inbring.
6 Al loop hy en huil
terwyl hy die saaisak dra,
hy kom juigend terug
terwyl hy sy gerwe dra.

Dit is interessant om op te merk hoedat die vraag van die verdeling van die psalm ook in die verskillende vertalings weerspieël word.

## 3 'N SINKRONIES-TEKSIMMANENTE[12] LEES VAN PSALM 126

Prinsloo[13] merk tereg op dat die afbakening van die psalm geen probleem bied nie. Die psalm vorm deel van die die sogenaamde מַעֲלוֹת bundel. Die opskrifte by beide Psalms 125 en 127 en die שִׁיר הַמַּעֲלוֹת opskrif by Psalm 126 baken die psalm as 'n afgeronde geheel af.

Tekskrities lewer die psalm wel 'n paar probleme op, maar Prinsloo is van oordeel dat net die *hapax legomenon* שִׁיבַת in vers 1 verander moet word en as שבות gelees moet word. Na 'n oorweging van die argumente om כחֹלְמִים te verstaan as "om gesond of sterk te wees" wys hy die moontlikheid ook af[14].

Na die oorweging van die tekskritiese kwessies bepaal Prinsloo sy aandag by die struktuur van die psalm. Die verbinding van verse 1-3 lewer nie onoorkomelike probleme op nie. Die partikel אז wat twee keer voorkom in vers 2, die imperfektumvorme in vers 2, herhalings van frases הִגְדִּיל יְהוָה לַעֲשׂוֹת in stiges 2b en 3, chiastiese relasies, die *inclusio* tussen

stiges 1 en 3 הָיִינוּ שְׂמֵחִים, הָיִינוּ כְּחֹלְמִים en inhoudsmomente is oortuigende argumente vir die verbinding van die stiges van verse 1-3[15].

Omdat die *crux* van die interpretasie van die psalm by vers 4 lê, gee Prinsloo dan eers aandag aan verse 5 en 6. Die twee stiges van vers 6 word verbind as gevolg van die infinitief absolutus vorme בֹּא־יָבוֹא ,הָלוֹךְ יֵלֵךְ waarmee beide stiges ingelei word. Die werkwoordstam נשׂא kom ook in beide stiges voor. Hy wys verder daarop dat stige 6a 'n uitbouing is van die eerste hemistige van 5 en dat stige 6b 'n uitbouing is van die tweede hemistige van 5[16]. 'n Mens sou kon byvoeg dat die metafoor van saai en oes in 5 en 6 'n nuwe en verrassende element in die psalm is en daarom funksioneer as 'n verdere samebindende faktor wat die stiges tegelykertyd ook onderskei van die voorafgaande verse. Die afwesigheid van enige verwysing na Jahwe in 5-6 in kontras met die voorafgaande verse sou ook nog as 'n addisionele argument bygevoeg kon word.

Die argumente van Prinsloo[17] dat eerste persoon meervoudsvorme dominant by 1-4 voorkom, terwyl dit ontbreek by 5-6 en dat Jahwe as subjek ontbreek by 5-6, toon aan dat 5-6 'n eie afgerondheid vertoon - soos wat hy tereg aantoon[18] - wat onderskei moet word van 1-4, maar dit is nog geen deurslaggewende argument vir die noodwendige verbinding van stiges 1-4 nie.

Prinsloo se argument van 'n dubbele *inclusio* in 1-4 oortuig ook nie. Is daar werklik sprake van 'n dubbele *inclusio?* Dit is belangrik om raak te sien dat stige 4 nie 'n identiese herhaling van stige 1b is nie. Ons moet dus versigtig wees om nie te veel te maak van die ooreenkomste tussen stiges 1b en 4 nie - daar is ook opvallende verskille tussen die twee stiges wat nie geïgnoreer mag word nie. Die belangrikste verskil tussen die twee stiges lê in die eerste woord wat in elk van die onderskeie stiges gebruik word. בשׁוב in 1b bestaan uit ב plus 'n infinitief constructus wat dit 'n temporele aanduiding maak, verwysende na die verlede as dit saam met היינו gelees word[19]. Daar is ook nog twee ander temporele frases in stiges 1b-3: אז is 'n temporele partikel wat in beide stiges 2 en 2a voorkom. Die temporele faset in stiges 1-3 en die ontbreking daarvan in stige 4 is 'n verdere argument vir die verbinding van die stiges los van stige 4.

שׁובה in stige 4 is 'n imperatief - let op: die enigste imperatiefvorm in die psalm. Dit plaas stige 4 dus in 'n buitengewoon beklemtoonde posisie.

Die argumente wat die verbinding tussen stiges 1-3 noodsaak (die *inclusio*[20] tussen stiges 1b en 3, die slotrym tussen stiges 1b en 3, die temporele frases kenmerkend van stiges 1-3, die dominante voorkoms van die eerste persoon meervoud) baken stiges 1-3 dus af van stige 4.

Terselfdertyd is vroeër aangetoon hoedat stiges 5-6b 'n eie afgerondheid vertoon deur veral die metafoor van saai en oes en die afwesigheid van enige verwysing na Jahwe. Dit noodsaak dus die gevolgtrekking dat stige 4 'n eie plek verdien, onderskeie van beide stiges 1b-3 en 4-6b. Die voorkoms van die enigste imperatiefvorm in die psalm in 'n beklemtoonde posisie versterk die argument vir die afsonderlike hantering van stige 4 nog verder[21].

Verwys stiges 1b-3 na die toekoms of na die verlede? Prinsloo is oortuig dat stiges 1b-3 as verwysende na die toekoms verstaan moet word[22]. Sonder om die argumente van G T M Prinsloo te herhaal, kan daar egter met 'n redelike mate van sekerheid tot die gevolgtrekking gekom word dat stiges 1b-3 eerder verstaan moet word as verwysende na die verlede[23]. Daar is weinig, indien enige, verskil van mening dat stiges 5-6b gerig is op die toekoms. Die saai van die saad is immers gerig op die oes in die toekoms. Stige 4 is duidelik gerig op die hede[24]. Dit is 'n bede dat die lot van die bidder(s) nou in die hede sal verander soos wat dit in verlede (1b-3) al gebeur het.

Dit bring die diskussie wat tot dusver gevoer is tot die gevolgtrekking dat Psalm 126 vanuit die hede (stige 4) 'n perspektief bied na die verlede (stiges 1b-3) en die toekoms (stiges 5-6b)[25]. Skematies kan dit so voorgestel word:

| | |
|---|---|
| Stiges 1b-3 | Verlede A |
| Stige 4 | Hede B |
| Stige 5-6b | Toekoms C |

Die metafoor van die saaier in stiges 5-6b is dus nie die sleutel van die psalm nie[26]; stige 4 moet eerder as die middelpunt van die psalm aangedui word. Volgens Kraus word stige 4 omsluit deur die heilsdade van Jahwe in die verlede en die oesvreugde wat nog moet aanbreek[27]. Dit is ook die gevolgtrekking van Westermann: "In der Mitte des Psalms steht das an Gott gerichtete Flehen um Hilfe, ein Gebetsruf, der auch in sich selbständig sein könnte"[28]. Die eerste helfte van stige 4 met die herhaling van שׁוב en die Naam van Jahwe יהוה asook die vergelykingspartikel כ bring stige 4 in verband met stiges 1b-3. Die verwysing in die tweede helfte van stige 4 na die waterstrome in die Negev dien as 'n voorbereiding en antisipasie van die metafoor van saai en oes in stiges 5-6b. Sonder water is saaiwerk futiel en 'n oes eintlik onmoontlik.

Prinsloo[29] is korrek as hy sê dat daar ook kohesie in die psalm bewerk word deur die gebruik van רנה in stiges 2 en 6b. Die vreugde en

gejubel van die verlede gaan herhaal word in die toekoms. Kohesie word egter veral bewerk deur stige 4 wat in die middel van die psalm staan en stiges 1b-3 deur die eerste helfte van stige 4 en stiges 5-6 deur die tweede helfte van stige 4 aan mekaar te verbind[30].

## 4 GEVOLGTREKKING

In hierdie bydrae is daar geargumenteer dat Psalm 126 in drie dele verdeel kan word - 1-3, 4, 5-6, *contra* W S Prinsloo se twee-deling van 1-4, 5-6 en G T M Prinsloo se twee-deling van 1-3, 4-6. Dit bring die interessante verskynsel na vore dat drie kollegas wat dieselfde paradigma deel ('n sinkronies-teksimmanente lees van die teks) tot drie verskillende resultate kom![31] Dit beklemtoon die voorlopigheid van ons wetenskaplike werk en ook die mate van subjektiwiteit (teenoor die ideaal van objektiwiteit so kenmerkend van die positiwisme) by elke navorser.

Hoe sou Prinsloo oordeel oor die gesprek wat gevoer is na aanleiding van sy eksegese van Psalm 126? Hy sou dit ter wille van die verstaan van die teks waarskynlik verwelkom het, trouens hy het self nie gehuiwer om in gesprek te tree en selfs heftig te verskil, waar hy dit nodig geag het nie[32].

## 5 EPILOOG

Hierdie bydrae word opgedra aan die nagedagtenis van Willem S (Riempies) Prinsloo, my promotor, my mentor in die Ou Testament, my vriend. Hy het ons, sy studente, 'n sensitiwiteit vir die teks geleer. Hy het aan ons 'n passie vir die wetenskap van die Ou Testament gegee. Hy het aan ons die universele aard van die wetenskap geleer deur sy volgehoue kontak en gesprek (persoonlik en in sy publikasies) met veral Europese Ou Testamentici. Ek herinner my dat hy tydens een van ons gesprekke gesê het 'n wetenskaplike (veral in die Ou Testament!) moet iets nalaat vir 'n volgende geslag van geleerdes. Dit het hy gedoen, hy het iets nagelaat waarop 'n volgende geslag van Ou Testamentici kan bou.

## NOTAS:

1 W S Prinsloo, "Psalm 126: Wie met trane saai, sal met blydskap maai", *NGTT* 28/4 (1987), 231-240.

2 W S Prinsloo, *Die Psalms leef!*, Halfway House 1991.

3 Prinsloo, *a w*, 1991, 71-72.

4 Prinsloo, *a w*, 1991, 74. Dat dit inderdaad 'n probleem in die interpretasie geskiedenis van die psalm is, word ook elders in die literatuur oor die psalm

aangetoon, vergelyk byvoorbeeld S Marx, *'n Struktuur-analities-eksegetiese studie oor die besondere aard en betekenis van die bedevaartsliedere Psalm 120-134.* (M.Th skripsie) Stellenbosch 1981, 86; L C Allen, *Psalms 101-150*, Texas 1983, 171.

5 Prinsloo, *a w*, 1991, 74 "Daar is 'n hele arsenaal redes waarom ek eerder by laasgenoemde strofeverdeling (d i 1-4, 5-6 SDS) wil aansluit". Vergelyk ook M Dahood, *Psalms III: 101-150* (AB 17A), New York 1970, 218: "Stylistically, vss 1 and 4 illustrate a classic example of inclusion"; H Viviers, "*'n Teksimmanente ondersoek na die samehang van die Ma'alot-Psalms (Pss 120-134)*, (DD-proefskrif) Universiteit van Pretoria 1990, 85-87.

6 Ander en ook belangrike fasette in die navorsingsgeskiedenis van die psalm sal dus nie aandag kry nie, byvoorbeeld die Gattung, Sitz im Leben, datering, tradisiekritiese, redaksiekritiese en teologiese dimensies van die psalm.

7 Die gesprek oor Prinsloo se eksegese van Psalm 126 het in der waarheid alreeds in 1992 begin met G T M Prinsloo se artikel oor die psalm waar hy, contra Prinsloo, die tweedeling van verse 1-3 en 4-6 van die Psalm voorstaan, vergelyk G T M Prinsloo, Analysing Old Testament poetry: An experiment in methodology with reference to Psalm 126, *OTE* 5/2 (1992), 225-251.

8 H J Kraus, *Psalmen*, 2. Teilband Psalmen 64-150, (BKAT XV/2), Neukirchen 1972, 854.

9 Kraus, *a w*, 854.

10 C Westermann, *Ausgewählte Psalmen*, Göttingen 1984, 42.

11 A A Anderson, *The Book of the Psalms* (Vol 2 Psalms 72-150), Greenwood 1972, 863.

12 Dit is die term wat Prinsloo vir die eerste keer gebruik in die bundel waarin sy eksegese van Psalm 126 opgeneem is, Prinsloo, *a w*, 1991, 1. Later verkies hy om te praat van 'n semio-strukturele eksegetiese benadering, vergelyk W S Prinsloo, "A comprehensive semiostructural exegetical approach", *Old Testament Essays* 7/4 (1994), 78-83.

13 Prinsloo, *a w*, 1991, 72.

14 Prinsloo, *a w*, 1991, 80.

15 Prinsloo, *a w*, 1991, 72-73.

16 Prinsloo, *a w*, 1991, 73. Vergelyk ook die opmerking van Westermann, *a w*, 1984, 43: "V. 6 sagt dasselbe wie V. 5, nur etwas mehr ausgeführt".

17 Prinsloo, *a w*, 1991, 74.

18 Prinsloo, *a w*, 1991, 74.

19 Dit het G T M Prinsloo, *a w*, 1992, 233, oortuigend aangetoon.

20 W Beyerlin, "*Wir sind wie Träumende*" *Studien zum 126. Psalmen*. Stuttgart 1977, 33-34; L D Crow, *The Songs of Ascents (Psalms 120-134) Their Place in Israelite History and Religion* (SBLDS 148), Georgia 1996, 62.

21 Om die rede kan daar ook nie saamgestem word met die tweedeling (1-3; 4-6) van die psalm wat G T M Prinsloo, *a w*, 1992, 239 voorstel nie.

22 Prinsloo, *a w*, 1991, 75-76. In dié opsig sluit Prinsloo by 'n baie ou tradisie aan: Luther se vertaling het verse 1-3 op die toekoms laat slaan: "Wenn der Herr die Gefangenen Zion erlösen wird, dann werden wir sein wie die Träumenden".

23 G T M Prinsloo, *a w*, 1992, 233. Hy verwys byvoorbeeld na die konstruksie ב plus die infinitief constructus wat verlede tyd uitdruk; die temporele partikel אז

plus imperfektum wat ook verlede tyd uitdruk, sodat hy konkludeer: "...all the verbal forms in verses 1-3 function as perfecta and refer to past actions".

24 Dit is ook die gevolgtrekking waartoe G T M Prinsloo, *a w*, 1992, 233 kom: "In 4a an emphatic imperative occurs, clearly indicating a shift from past actions to present needs".

25 Alhoewel G T M Prinsloo, *a w*, 1992, 239 tot 'n tweedeling van die psalm kom, onderskei hy tog ook die perspektief van verlede, hede en toekoms: "Verses 1-3 focus on the past, verses 4-6 on the present and the future", 233.

26 *Contra* Prinsloo, *a w*, 1991, 75. Vergelyk ook die titel van sy eksegese van Psalm 126.

27 Kraus, *a w*, 1972, 857.

28 Westermann, *a w*, 1984, 43.

29 Prinsloo, *a w*, 1991, 75.

30 Aan die hand van ander argumente is dit ook die gevolgtrekking van Marx, *a w*, 1981, 86 dat 'n verdeling van 1-3, 4, 5-6 gevolg moet word aangesien "vers 4 inderdaad die verbindende vers in hierdie psalm is".

31 Beide G T M Prinsloo en ekself is oud-studente van Prinsloo.

32 W S Prinsloo, "Response to J A Loader, 'The Exilic Period in Abraham Kuenen's Account of Israelite Religion'", *ZAW* 98/2 (1986), 267-271, W S Prinsloo, "The unity of the book of Joel", *ZAW* 104/1 (1992), 66-81; W S Prinsloo, "Eksegese is 'n spel (sonder grense?)", *Acta Theologica* 16/2 (1996), 21-33.